# BOEKBESPREKING

du Plessis, Dr. P. J. J.: **'n Opvoedkundige filmeksperiment in verband met gesindheidsvorming ten opsigte van padveiligheid.** Uitgegee as Nr. 9 van die „Opvoedkundige Studies" van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Pretoria, 1955 60 bladsye; prys 7/6.

Hierdie boekie stel Hoofstuk 7 van die skrywer se proefskrif vir die D.Educ.-graad aan die Universiteit Pretoria voor. Die proefskrif self dek 'n wyer veld waarvan hierdie hoofstuk slegs die eksperimentele gedeelte weergee, naamlik: „Pedagogiek as wetenskap en sy sosiaal-pedagogiese taak teenoor onderwysvernieuwing met verwysing na 'n filmeksperiment oor gesindheidsvorming". Dit is voorsien van 'n kort opsomming in Engels.

Die navorsingsprobleem is duidelik geformuleer in die lig van die breër opset van die proefskrif en die bevindings ook in dieselfde lig geïnterpreteer. Dis 'n poging om gesindheidsverandering deur meting vas te lê, statisties te bewerk om die resultate dan eers te gebruik as hulle wetenskaplik duidend bewys is. Vanselfsprekend is die meting van persoonlikheidseienskappe moeilik en die interpretasie van die verkreë syfers gevaarlik. Die skrywer toon hom terdeë hiervan bewus en is uiters versigtig in sy interpretasies. Nogtans is die strekking van sy gevolgtrekkings duidelik, positief en waardevol. Hy toon aan dat sy eksperiment bo alle twyfel wys op die groot opvoedkundige waarde van die film by die gesindheidsvorming van middelbare skoolleerlinge mits dit opvoedkundig reg gebruik word.

Sy proefneming bevestig verder die feit dat die positiewe resultate sterker spreek in die geval van meisies as van seuns en dat dieselfde film ewe doeltreffend is vir die verskillende standerds van die middelbare skool.

B. C. SCHUTTE.

Potchefstroom.

**„Rugama"**, Orgaan van die Sendinggemeentes van die Gereformeerde Kerk van S.A., onder die redaksie van di. H. du Plessis en H. A. Louw.

Hierdie sendingblaadjie het in Julie 1955 sy eerste nummer onder die Bantoes ingestuur. Dis voorvaar 'n lofwaardige poging, 'n geloofsdaad. Die Bantoe kan nooit te veel van hierdie soort lektuur kry nie om die heidense en sedebederwende prikkellektuur wat so weelderig onder hulle versprei word, te neutraliseer. Die blaadjie verskyn vier keer per jaar teen slegs 6 pennies per eksemplaar. Elkeen wat bediendes aanhou, behoort hierop in te teken by die Redaksie, Groomlaan 34, Discovery, oor Florida. Die blaadjie verskyn in Afrikaans, Sotho, Zulu en Venda.

B.C.S.

* * *

**Schmidt, Dr. W. H. O.: Heelkundige leesonderrig.** Herdruk uit Onderwysblad, Mei 1955, 4 bladsye.

Dis 'n stimulerende en insiggewende artikel wat nie hoogdrawende teorie verkondig nie maar prakties en werklik bly.

B.C.S.

* * *

**Nel, Prof. Dr. B. F.: Moeilikhede in verband met die psigologiese waardering van die geestesstand van die serebraalverlamde kind.** Herdruk uit Paedagogische Studiën, XXXII, nr. 1, 21 bls.

Dis 'n baie waardevolle samevatting van die probleme wat die navorser by hierdie ongelukkiges moet oplos. Dis egter ook van belang vir die navorser wat met normale kinders te doen het want baie van die probleme word daar ook aangetref hoewel in minder ernstige mate en in gewysigde vorm.

B.C.S.

* * *

Ds. J. W. Jansen van Ryssen: **Die Messias uit die aarde**; Pro Rege-Pers Bpk., 1954 Blss. 180; prys 12/6.

Die verskyning van hierdie boek is 'n gebeurtenis van buitengewone belang. Gedurende die afgelope jare het ons daaraan gewoond geraak om van oorsee publikasies met 'n sterk eskatologiese inslag te ontvang. Die oorlog het die mense bewus gemaak van die tekens van die tye. In die opsig het ons in Suid-Afrika te lank wêreldvreemd gebly. Derhalwe behoort ons die verskyning van 'n boek soos hierdie te verwelkom. Dit was seker nodig dat op so 'n duidelike en eenvoudige wyse vir ons volk die Skrifgegewens in verband met die Antichris ter hand gestel word. Die skrywer moet gefelisiteer word met die wyse waarop hy hierdie verantwoordelike taak voltooi het. *Die Messias uit die aarde* handel oor ingewikkelde kwessies. Nietemin het ds. Van Ryssen die onderwerp so beheer dat die eenvoudigste leser alles behoort te verstaan.

Die boek bestaan uit twee hoofdele. Die eerste handel oor die Antichris as ANTI-chris. Hierin word bespreek die kenmerke van die antichristelike mens, die Antichris as godloënaar, as Skrifverwerper, as wettelose, as onmens, as verdierlikte mens. Die skrywer toon in elke geval uit die Skrif aan wat ons by die regime van die Antichris te wagte moet wees; daarna dui hy die gebeurtenisse en verskynsele van ons tyd aan wat 'n spesifiek antichristelike karakter dra. Die resultaat van die vergelyking is om die minste te sê benouend. „Die geskiedenis van die mensdom is soos 'n koorskaart wat ons die golwende lyn van sy geestelike toestand aantoon" (p. 24). Hierdie golwende lyn het veral in die afgelope halfeeu die hoogte ingeskiet. Die koers is baie hoog.

Die tweede deel handel oor die Antichris as Anti-CHRISTUS. Hierin ontmoet ons die Antichris as Messiaanse figuur, as

Losser en die godsdiens van die Antichris. Hierdie hoofstukke is skitterend, veel sterker as die eerste deel waarin die skrywer blyke gee dat hy bietjie sukkel om op te warm. In die tweede deel kry sy woorde eenvoudig vlerke. Dit word naderhand meeslepende spanningslektuur van hoë gehalte.

Die skrywer het klaarblyklik 'n aansienlike aantal boeke gelees voordat hy begin skrywe het. Dit, en 'n fyn waarnemingsvermoë stel hom in staat om 'n besonder illuminerende diagnose van die probleme van die twintigste eeu te gee. Veral die ewolusionisme word treffend aan die kaak gestel as worteloorsaak van die moderne ongeloof. So sien ons die sinistere gestalte van Darwin agter die konsentrasiekampe van die afgelope wêreldoorlog.

Die boek is in 'n gerieflike formaat gebind en maak 'n netjiese indruk. Die aantal spel- en drukfoute is egter ontstellend. Voorbeelde is daar ten oorvloede: weerhouwer p. 7; professieë p. 14; Jacobus p. 24; vandaag p. 58; gesichspunt p. 58; toegeweide p. 60; gerupidieer p. 69; frapant p. 70; karakter sondes p. 80; groepje p. 83; heilitsaat p. 103; voaruit p. 155; oplemente p. 157; bestandeel p. 159; Hosia p. 163. Hierdie boek, wat glo by die honderde verkoop, verdien werklik by 'n eventuele herdruk 'n deeglike uitsuiwering van al hierdie steurende spel- en drukfoute.

P.W.B.

* * *

Dr. Jac. J. Muller: **Die dood en daarna;** Sacum Bpk.; derde druk 1954; blss. 90; prys 5/-.

Die skrywer noem dit in sy voorwoord 'n bundeltjie preke wat 'n voortsetting is en as aanvulling wil dien op 'n vorige publikasie, t.w. *Toekomsverwagtinge*—'n „nederige poging om ..... enige riglyne te gee vir die Christen se oordenkinge aangaande die toestand en lot van die afgestorwenes."

Die bundel begin met 'n kort beskouing oor die sekerheid van die dood. Daarna volg heel logies 'n behandeling van die vraag: Sal ons weer lewe? Die begrip „ek" word vry uitvoerig behandel in verband met die groot verandering wat die wese by die dood ondergaan. Die betekenis van die kruis van Christus en van sy opstanding word mooi na vore gebring in die slotparagrawe van hierdie beskouing. 'n Hele hoofstuk handel oor die sg. tussentoestand waarin die siel na die dood verkeer voor die hereniging met die liggaam by die opstanding. Die dwalinge van die sieleslaap en die siele-uitblussing word uitvoerig weerlê. Wat die doderyk is, blyk ook uit die verhandeling. Veral belangwekkend is die antwoorde op die vrae: Weet die ontslapenes iets van wat op die aarde gebeur? Sal ons mekaar hiernamaals ken? Bestaan daar 'n moontlikheid van gemeenskap tussen die afgestorwenes en die nog lewende mense op die aarde? Is daar nog 'n kans na die dood? Die Roomse dwaling van die vaevuur word goed weerlê. 'n Laaste hoofstuk stel die vraag of die leser bereid is om te sterwe.

Uit hierdie kort uiteensetting blyk seker duidelik dat dit in werklikheid geen preke is nie maar veeleer populêre leerstellige beskouinge met 'n stigtelike tendens. Nietemin het ons waardering vir die nugter en helder uiteensetting. Ook kan ons ons deurgaans vereenselwig met die eksegese waarvan daar nogal heelwat voorkom.

Die nut van hierdie boekie is dat dit op eenvoudige wyse die troos van die opstanding in Christus Jesus bied en terselfdertyd die menigte dwaalbeskouinge wat daar oor hierdie onderwerp heers grondig weerlê.

P.W.B.

Dr. G. Kuypers e.a.: **Wal Groeit er uit deze wereld**? T. Wever, Franeker. Te kry by Pro Rege-Pers, Bepk., Potchefstroom, teen 31/9 (32/6 posvry).

Opmerklik van hierdie boek is dat dit 'n uitgawe is in opdrag van „de Christelyk-Nationale Bibliotheek", en dat dit tog in populêre styl met groot waardering handel oor wêreld-grotes wat vir die merendeel vyande is van Christendom en/of nasionalisme.

Verder opmerklik is dat dit ontwikkelinge weergee tot in die middel van 1955, en dus besonder aktueel is.

Dis 'n boek van 375 bladsye met besonder goeie foto's van die hoofpersone.

Agtereenvolgens word die lewe, persoonlikheid en werk van die volgende leiers feitlik tot op datum behandel nl. Lenin, Stalin, Tito, Churchill en Adenauer.

Die behandeling is lewendig, insiggewend en skynbaar betroubaar.

L. J. DU PLESSIS

Die Westelike Stem-drukkery.